Rom 7:12-8:4 GOED GENOEG IN GOD SE Oë

1. GOD SE WET LAAT JOU SLEG VOEL

Ek het onlangs geleer dat om iemand te **beskaam** is om haar te laat voel sy is *nie goed genoeg* nie. Dis vir niemand lekker om so te voel nie en daarom moet ons dit vermy om ander so te laat voel.
Maar dis presies wat die Wet van God doen – tot so 'n mate dat dit jou laat uitroep: *"Ek, ellendige mens!"*
Is dit nie juis wat baie nie-christene teen die christendom en soms spesifiek teen die calvinisme hou - dat dit mense se selfbeeld aftakel nie, hulle nikswerd en minderwaardig laat voel nie?

Is die Wet van God dan 'n goeie of 'n slegte ding?

2. DIE WET IS IETS GOEDS MET BEPERKINGE

Die Woord sê dis 'n goeie ding – maar dit het sy beperkinge. Jy moet weet hoe om dit te gebruik, anders kan dit verskriklik gevaarlik wees. Dit kan jou teen die mure uitdryf en van jou 'n diep ongelukkige mens maak.
Paulus wys in vers 7 daarop dat die wet van Moses **groot waarde** het sodat ons kan weet **wat sonde** is. Ons het netnou **gesing**:
*"Deur u volmaakte wet, o Here,*
*Ontdek ons steeds ons sondigheid…"* (249:9)
Dit leer ons wat is **reg** en wat is verkeerd. Dit maak **God se wil** aan ons bekend. Die Here wil ons deur sy wet **leer om reg te lewe**. *"Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie,"* skryf Paulus, *"as die wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie."* (:7) = goed om te weet!

Die **probleem** is egter dat die wet wel duidelik sê wat sonde is, maar dat dit ons nie van die mag daarvan **kan bevry nie**. Die wet wys op die verskriklike aard en gevolge vd sonde, maar kan my nie daarvan **red nie**! DIT is die **beperking** van die wet. Die wet **verwag** van jou en my om *self te kies* en te doen wat reg is. En dit bring ons weer uit by die mens se swakheid.

3. DIE MENS IS SWAK

Die mens moet **kies** en **doen** wat reg is, maar hy is **nie in staat** om dit in eie krag te kan doen nie, hy is **te swak**. Soos wat hier staan: *"Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek." (:15)* *"Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie. Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek." (:18,19) "So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte." (:21)*
En dan **roep** hy in moedeloosheid en wanhoop uit: *"Ek ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" (:24)* Hy voel **beskaamd**. Hy voel nie goed genoeg nie. Hy soek hulp.
Die wet **ontmasker** ons ware natuur. Dit **onthul** dat ons glad nie so wonderlik goed is as wat ons en miskien ander ook gedink het ons is nie. Dis soos 'n **koorspen** wat vir ons aandui dat ons 'n siekte onder lede het. **God se standaard** vir iemand om deur die nakoming vd wet gered te word is 100%. Geen mens kan dit in eie krag regkry nie. Ons is *sub-standaard, "losers"*. Niemand wil dit graag van ander hoor of van homself weet nie, maar wie hom/haar eerlik aan die Wet meet, sal dit moet erken.

Elke mens, maak nie saak wie hy/sy is nie, moet daar kom waar hy/sy bely: *"Ek, ellendig mens!"* en vra*: "Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?"*

4. DIE REDDER IS JESUS CHRISTUS
Let op dat Paulus nie vra: "**Wat** sal my verlos nie", maar "**Wie** sal my verlos." Tot op daardie punt het hy nog gesoek na dinge wat hy kon doen om hom te red, maar nou verstaan hy hy het **Iemand** nodig. Vantevore het hy na homself gekyk vir redding, nou kyk hy buite homself vir 'n Redder.
Selfs Paulus, die **Fariseër** wat die wet nougeset probeer nakom het, het besef: Die **wet** kan my nie red nie, **ekself** kan my nie red nie, die **antwoord** is Jesus Christus. Dit is JC wat ons red, nie die wet nie. *"Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here."* Hy het vir al jou en my wetsoortredings betaal. Ook die wat ons nog SAL doen.

Om saam te vat: Die wet is **goed** en dit is **nodig** sodat ons kan weet wat God verwag. Dit is ook nodig sodat ons ons eie sonde en swakheid sal **besef.** *Kennis* vd wet alleen is nie genoeg nie. *Goeie voornemens* om daarvlgs te lewe is ook nie genoeg nie. Ons moet dit 100% gehoorsaam wees om die ewige lewe te be-erwe, en ons kan nie. Geen mens kan dit in eie krag nakom nie. Dit laat ons dus ons behoefte aan 'n Verlosser besef. So lei die wet ons na Jesus toe.

5. JY KRY NOG "ELLENDIGE" CHRISTENE
Dit wat Paulus hier beskryf, kan egter ook betrekking hê op die ervaring van die **gelowige.**
**Want hoe werk ons koppe?** Jy sê vir jouself: God het my uit **genade** gered. Ek het dit en kon dit nie verdien nie. Maar nou moet ek uit dankbaarheid *sekere dinge* vir Hom *doen*. So ek begin ernstig **soek** na Sy wil met die vaste en opregte **voorneme** om dit te doen. Maar dan kom ek weer tot die skokkende ontdekking dat ek dit nie altyd r*egkry* nie, nie altyd *geniet* nie en dit ook nie eers altyd WIL doen nie. Dan begin ek **twyfel** of ek ooit volkome gered is. Is daar nie nog iewers fout met my nie? Sal dit nie anders wees as ek my bv weer laat doop nie?
Hoe meer ek God se wil probeer uitvoer, hoe meer misluk ek. Ek bevind my dus *weer* by die punt waar ek wil uitroep: *"Ek, ellendige mens!"*

6. LAAT JESUS DEUR JOU LEWE
Die **antwoord** is weer: *Jesus Christus*! Ek is nie goed genoeg nie, maar HY is. Sy lewe het nog altyd sy Vader **plesier verskaf**. En Hy leef nou in my: *"Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." (*Gal 2:20) Ek moet dus **ophou** om dinge *vir* God te probeer doen en net toelaat dat Jesus sy lewe deur my leef: *"Stop trying and keep trusting!"*
**Vra en vertrou dat die Here sy lewe deur jou sal leef**. Ons moet almal by daardie punt kom en bly waar ons vir die Here sê: *"Here, ek kan niks vir U doen nie, maar ek vertrou U daarvoor dat U alles in my sal doen."* Soos wat ons **vir ons redding** vertrou het op wat Jesus VIR ons gedoen het, kan ons nou vertrou op wat Hy deur die HG IN ons gaan doen.

Ons het **verlede Sondag** daarop gewys dat Rom 6 verkondig dat ons elke deel van ons liggame in diens van God moet stel dat HY dit kan gebruik en daarmee kan doen wat HY wil. Dis maw weer 'n geval dat dit nie ek is wat dinge *vir Hom* doen nie, maar ek **stel my net tot sy bes**kikking om dinge **deur my** te doen. Miskien kan 'n

mens sê **jy doen nie dinge VIR Hom nie, maar NMS Hom**. Vra: *"Here, maak vir my duidelik waarmee U besig is en hoedat ek daarby betrokke kan raak. Hoedat ek u stem, hande, oë kan wees. Doen deur my wat U vandag gedoen wil hê."* Wat nodig is, is **oorgawe** van ons kant, dat ons ons deur die Gees sal laat **beheers** soos wat 8:4 sê: *"Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen* (en wie is die "ons" na wie hy verwys?)*, ons wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees."* Wanneer ons die Gees se leiding volg, sal HY sorg vir die vrug *(Gal 5).*

*SLOT*

Die probleme van die "ellendige mens" van Rom 7 het gekom omdat hy God se Wet **in eie krag** probeer nakom het.

Gelukkig weet ons nou van beter. Ons weet die antwoord is **vertroue** in wat Christus *vir* ons gedoen **het** en **steeds** besig is om *in en deur* ons te doen.

Ek hoef daarom nie meer **beskaamd** te voel nie. Ek hoef nie te voel ek is nie goed genoeg nie, want ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my - en met Hom in my lewe, is ek 100%, **goed genoeg** in God se oë!

6 Julie 2008

# The Message The Message vertaal dit so: What I don't understand about myself is that I decide one way, but then I act another, doing things I absolutely despise. So if I can't be trusted to figure out what is best for myself and then do it, it becomes obvious that God's command is necessary. But I need something more! For if I know the law but still can't keep it, and if the power of sin within me keeps sabotaging my best intentions, I obviously need help! I realize that I don't have what it takes. I can will it, but I can't do it. I decide to do good, but I don't really do it; I decide not to do bad, but then I do it anyway. My decisions, such as they are, don't result in actions. Something has gone wrong deep within me and gets the better of me every time. It happens so regularly that it's predictable. The moment I decide to do good, sin is there to trip me up. I truly delight in God's commands, but it's pretty obvious that not all of me joins in that delight. Parts of me covertly rebel, and just when I least expect it, they take charge. I've tried everything and nothing helps. I'm at the end of my rope. Is there no one who can do anything for me? Isn't that the real question? The answer, thank God, is that Jesus Christ can and does. He acted to set things right in this life of contradictions where I want to serve God with all my heart and mind, but am pulled by the influence of sin to do something totally different.

# Daar is 'n klassieke storie wat hierdie gedeelte van Paulus volmaak vasvang. Robert Louis Stephenson se The Strange Case of Dr. Jekyll and Mr. Hyde.Dit gaan oor die gerespekteerde dr Jekyll wat 'n middel ontdek wat sy persoonlikheid verander en van hom 'n ander persoon maak. Deur sy uitvinding geskok en tog ook gefassineer, gee hy toe aan die versoeking om in die nag Mnr Hyde te word, wat allerlei misdade pleeg - selfs moord.

Gedurende die dag is hy die sagmoedige dr Jekyll en in die nag is hy 'n moordenaar en 'n gewelddadige skurk.

So gaan dit 'n tyd lank aan, totdat hy een oggend wakker word en tot sy ontsteltenis bemerk dat hy mnr Hyde se hand behou het. Eers was dit moeilik om Mnr Hyde se persoonlikheid aan te neem, maar gaandeweg was dit al moeiliker om weer terug te keer na die goedhartige dr Jekyll!

Hy het al meer besef dat hy besig was om beheer te verloor oor sy goeie self en dat die slegter self die oorhand begin kry.

Toe hy later verplig was om 'n keuse te maak, het hy besluit om eerder dr Jekyll te bly. Ongelukkig het die geneigdheid tot misdaad in hom so sterk geword dat dit by hom die oorhand gekry en hom uiteindelik vernietig het.

Toe iemand vir Stevenson vra waar hy die model vir sy hoofkarakter gekry het, het hy geantwoord: "I found it in my nature."

Hy het eerstehands belewe wat Paulus bely: die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek."( vs19)

Did You Use All Your Strength?

I remember an old story about a little boy who was out helping dad with the yard work. Dad asked him to pick up the rocks in a certain area of the yard. Dad looked over and saw him struggling to pull up a huge rock buried in the dirt. The little boy struggled and struggled while Dad watched. Finally, the boy gave up and said, "I can't do it." Dad asked, "Did you use all of your strength?" The little boy looked hurt and said, "Yes, sir. I used every ounce of strength I have." The father smiled and said, "No you didn't. You didn't ask me to help." The father walked over and then the two of them pulled that big rock out of the dirt.